# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (31/12)

*Justin Chadwick (10 Augustus 2012)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Americans who travel abroad for the first time are often shocked to discover that, despite all the progress that has been made in the last 30 years, many foreign people still speak in foreign languages" Dave Barry***

***VIER DIE SUKSES: Nog twee Suid-Afrikaanse medaljes by die Olimpiese Spele – silwer vir die swem sensasie Le Clos en brons vir Bridgette Hartley in die Kajak.***

## VSA SE BELANGRIKES IN SUID-AFRIKA

Die Olimpiese medalje-tabel is 'n goeie barometer vir wêreldhandel – gister was China twee medaljes voor die VSA, vandag is die VSA twee goue medaljes voor China. Die worsteling om bo-aan die Olimpiese leer te eindig is ook soos die wêreld na Afrika kyk om dryfkrag aan toekomstige ekonomiese groei te gee. China se belangstelling in Afrika is goed gedokumenteer – daar was beduidende Chinese belegging in die Afrika-kontinent. Hierdie afgelope week het Hillary Clinton, Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, 'n sterk sake-afvaardiging na Suid-Afrika gelei. Ek het die voorreg gehad om 'n Sake-beraad (deur BUSA en Amerikaanse Kamer van Koophandel gereël) by te woon wat deur Minister Clinton en baie vooraanstaande Amerikaanse besigheidsafgevaardigdes (insluitend Boeing, FedEx en Chevron) toegespreek is. Die boodskap van die Amerikaanse afvaardiging was duidelik – hul wil deel van die Afrika-groei wees en wil volhoubare vennootskappe in Suid-Afrika skep. Suid-Afrika word gesien as die poort na Afrika – en baie Amerikaanse besighede is reeds in hierdie land.

Van belang vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf - Clinton het die gehoor verseker dat sy die voortsetting van die "African Growth and Opportunity Act (AGOA)" wat tot 'n einde in 2015 kom, ondersteun.

AGOA maak dit vir die VSA moontlik om Suid-Afrikaanse sitrus sonder belasting in te voer. Ambassadeur Ebrahim Rasool (RSA Ambassadeur in die VSA) het met bedrywe wat na die VSA uitvoer, vergader (insluitend die CGA) om te bepaal hoe ons die proses vir verlenging van AGOA na 2015 kan beïnvloed. Hierdie vergadering is ook deur die Minister van Handel en Nywerheid, Minister Davies en VSA Ambassadeur in RSA – Donald Gips, toegespreek. AGOA strek nie net tot voordeel vir Suid-Afrika vanweë die werkskepping, buitelandse valuta verdienstes en aanspreek van landelike armoede nie, maar gee die VSA toegang tot hoë gehalte produkte en die geleentheid om Suid-Afrikaners te ontwikkel (die ontwikkeling van toekomstige generasies van verbruikers van Apple rekenaars en iPods, verbruikers van Coca Cola en kykers van Disney en Warner Brother films en ander "Made in USA" produkte).

Deur in Afrika te belê en om aan Afrika toegang tot die VSA te gee, sal die VSA 'n Afrika-kontinent skep met koopkrag om die wêreld ekonomieë te dryf in teenstelling met die pad van hulp en "hand outs" wat vir altyd sal maak dat Afrika die wêreld se bedelaar bly.

Ons sal Ambassadeur Rasool en die Landbou Attaché in Washington (Vangile Titi – 'n ou vriend van die sitrusbedryf) aktief ondersteun om die verlenging van die AGOA te bevorder. Ons moet onthou dat die VSA baie op plaaslike sake gefokus is – en ons sal moet wys hoe AGOA die Amerikaanse burgers bevoordeel asook die ontwikkelingsagenda bevorder.

## SIEN WIE WERK VIR JOU

Vanaf volgende week gaan die CGA Groep aan alle produsente 'n "1-pager" sirkuleer waarin verskillende personeellede van die CGA-groep - CGA, CRI, Sitrus Akademie, River Bioscience en XSIT sal wees. Die doel van die "1-pager" is om alle produsente voor te stel aan diegene wat vir hul werk – en om 'n idee te gee van wat hul doen. 'n Foto van die personeel-lede beteken dat produsente kan sien wie hul is. Jul word aangemoedig om hierdie personeellede te kontak (kontakbesonderhede is ingesluit) sou jul inligting verlang. Dankie aan Vaughan Hattingh, Jacomien de Klerk, Jean de Gasperi, Paul Hardman en Melton Malaudzi dat jul bereid was om proefkonyne vir hierdie inisiatief te wees.

## CGA RAADSVERGADERING EN ALGEMENE JAARVERGADERING

Neem asseblief kennis dat die Citrus Growers' Association of Southern Africa sy Algemene Jaarvergadering op **Maandag, 20 Augustus 2012** by die Champagne Sports Resort in die KZN Drakensberg om ongeveer 18:00 gaan hou.

RSVP asseblief aan gloria@cga.co.za. 'n Jaarverslag is aan alle produsente gepos. Kopieë van die geouditeerde finansiële jaarstate is beskikbaar op die wagwoord-beskermde afdeling van die CGA webtuiste of 'n epos kan aan robert@cga.co.za of gloria@cga.co.za gestuur woord. As jy nie jou Jaarverslag deur die pos ontvang het nie, stel ons asseblief in kennis sodat ons die rekords kan opdateeer. Op dieselfde dag gaan die CGA se Raad vergader – kontak asseblief jou Streeks-Direkteur sou daar enige sake wees wat deur die raad bespreek moet word.

## JAARLISKSE KOöRDINERINGSVERGADERING

Soos gewoonlik sal die vergadering tussen DAFF en die bedryf in September plaasvind – geskeduleer vir **27 September 2012; 09:00-15:00 by LNR-Infruitec in Stellenbosch**. Hierdie is 'n krities belangrike vergadering vir die bedryf om met DAFF te vergader om 'n post mortem op die afgelope seisoen te doen en vooruit vir 2013 te beplan. RSVP Gloria@cga.co.za.

## GEPAK EN VERSKEEP

Ongelukkig is inligting nie hierdie week weens die publieke vakansiedag op Donderdag beskikbaar nie – 'n laat Gelukkige Vrouedag aan diegene wat REGTIG die land bestuur, die besluite neem, die vrede bewaar en die huise lekker maak.